

Woensdag 6 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:25-40

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:29-31

Soek jou vervulling alleen in Christus

Baie boeke, artikels en konferensies fokus op die Bybelse beginsels vir die huwelik en 'n familie, maar daar word min gesê oor wat die beginsels vir die enkellopende is. Die boeke wat dan wel op die enkellopende fokus, gee gewoonlik raad oor hoe om hulle moeilike omstandighede te kan hanteer.

Daar word met ander woorde van die standpunt uitgegaan dat dit nie normaal is om alleen te wees nie en dat dit beslis ook nie lekker is nie. 'n Rede hiervoor is dat die mense met die meer tradisionele siening van die huwelik geneig is om 'n afgod te maak van die huwelik. Sommige glo dat 'n familie sin en betekenis aan die lewe moet gee. Daarteenoor maak mense wat die moderne siening huldig 'n afgod van onafhanklikheid. My wil en my geluk staan voorop en dit gee betekenis aan my lewe. In albei gevalle word die verhouding met Christus op die agtergrond geplaas.

Die plek waar ons egter die ware betekenis vir ons lewe kry, is in die verlossing van Jesus Christus. Vir die enkellopende gee dit hoop, want in Christus kan hy/sy 'n vol lewe hê sonder om noodwendig te trou en kinders te hê. God gee aan ons 'n ware familie, naamlik die kerk, en daarom het geen enkellopende 'n tekort aan ouers, broers en susters, of kinders nie. 'n Christen se erfdeel is die heerlike volheid van die koninkryk van God.

Maar net so kry elke egpaar ook groot hoop in Christus. Hoop omdat hulle kan trou en kinders kan hê sonder om bang te wees vir hierdie donker wêreld waarin ons leef. Ons het hoop, want ons en ons kinders is op pad na hierdie heerlike toekoms.

Daarom word almal van ons, enkellopendes en getroudes, opgeroep om onself aan Christus toe te wy. Leef in toewyding aan Christus, omdat ons besef dat die aardse tydelik is en ons op pad is na die ewige, saam met Christus.

Sing: Psalm 103-1:1

Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)